higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1160**(A)**(N22)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5

(Eerste Vraestel)

(9090165)

22 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N5
(Eerste Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.
2. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verduidelik die volgende terme:

1.1.1 Oraal

1.1.2 Ekspektorant

1.1.3 Sublingual

1.1.4 Intraveneus

1.1.5 Rektaal

(5 × 2) (10)

1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende mediese terme. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Areas waar daar water onder die vel voorkom

1.2.2 Proefbuise waarvan die lug uitgesuig is

1.2.3 Die prosedure wat gebruik word om die verskillende tipes witbloedselle te tel

1.2.4 'n Middel wat pyn verlig

1.2.5 'n Middel wat bloeding help stop

(5 × 2) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 'n Diuretika vermeerder die volume van urine

1.3.2 Diadermiese salwe dring die vel goed binne

1.3.3 'n Bukkale tablet moet nie gesuig word nie

1.3.4 Intraveneus beteken in 'n gewrig

1.3.5 Sublinguaal beteken onder die tong

1.3.6 Atropien word toegedien om die longe droog te hou

1.3.7 'n Bariummaal moet gesluk word om x-strale van die niere te neem

Kopiereg voorbehou

1.3.8 'n X-straal van die uterus word genoem 'n histero salpingogram

1.3.9 'n Warm bad verhoog jou hartspoed

1.3.10 Normale asemhaling vir 'n vrou is 15-20 keer per minuut

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE uit hierdie AFDELING.

VRAAG 2

2.1 Bespreek kortliks die volgende:

2.1.1 Stoelgangmonsters (4)

2.1.2 Weefselmonsters (5)

2.2 Noem die siektes wat van die volgende kleure van urien afgelei kan word:

2.2.1 Kleurlose urien

2.2.2 'n Groenerige kleur

(2 × 2) (4)

2.3 Bespreek die mikrobiese grens van verdediging van die liggaam. (7)
[20]

VRAAG 3

3.1 Bespreek droë hitte as 'n vorm van sterilisasie (10)

3.2 Bespreek die implikasie van die ESS-toets (4)

3.3 Verduidelik die volgende:

3.3.1 Laagtablette

3.3.2 metika

3.3.3 Sublinguaal

(3 × 2) (6)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die term *koue gevalle.* (2)

4.2 Wat is die taak van die teatersuster voordat die wond geheg mag word na 'n operasie? (2)

4.3 By watter tipe pasiënte word spanningsteke algemeen gebruik? (1)

4.4 Wat kan die gevolge van oorbestraling wees? (3)

4.5 Hoe word x-strale van die niere, ureters en blaas geneem? (2)

4.6 Wat kan 'n vals verhoging van temperatuur, pols en asemhaling tot gevolg hê? (4)

4.7 Bespreek kortliks hoe jy 'n termometer (koorspen) na gebruik sal versorg. (6)
[20]

VRAAG 5

5.1 Watter faktore is van belang in die opening van 'n nuwe praktyk? (8)

5.2 Watter inligting moet in die kontrak tussen die geneesheer en 'n assistent vervat word? (6)

5.3 Verduidelik die term *ingeligte toestemming.* (4)

5.4 Wat verstaan u onder die term *mediese etiek*? (2)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou